# (1) Godsdiens of Verbond? (14-09-2025)

Godsdiens is ‘n vorm van aanbidding van ‘n god, op ‘n voorgeskrewe manier, om guns by daardie god te kry, sodat daardie god die aanbidders kan beloon vir hulle aanbidding.

Voorbeelde van godsdiens is:

1. Rooms-Katolisisme en die Christendom 1.2 Biljoen
2. Islam 1.3 Biljoen
3. Hindoeïsme 900 Miljoen
4. Boeddhisme 360Miljoen
5. Judaïsme 15 Miljoen

Die Verbondsverhouding se oorsprong is die dag toe God ‘n verbond met Abraham, deur sy seun Isak en die se seun Jakob, en sy nageslag, gemaak het en dit met ‘n eed bevestig het. Die nageslag is die lede van die verbond en die beloftes van die verbond wat deur God gemaak is, is op hulle van toepassing.

Elke godsdiens het:

1. ‘n God.
2. ‘n Stigter wat die godsdiens begin het.
3. Oorgelewerde vorm van aanbidding.
4. ‘n Geloof in hulle god.
5. Wette waarvolgens die lede moet leef.

Die Christelike godsdiens glo baie uiteenlopend en verskil hemelsbreed met mekaar in so ‘n mate, dat meeste Christene ander Christene nie beskou as Christene nie. Die Christelike godsdiens is begin deur Jesus nadat hy aan die kruis gesterf het vir die sonde van die hele wêreld, omdat hy hulle almal lief het.

Die verbondsverhouding was van Abraham af en het nie begin of geëindig met die kruisiging van Yahshua nie. Yahshua het nie ‘n alternatiewe godsdiens vir die Joodse godsdiens, of enige ander godsdiens, begin nie, maar Hy het net kom doen dit wat die profete gesê het Hy gaan kom doen, vir hulle, met wie Hy ‘n verbond het. ***Jesaja*** *53:8 Uit die druk en uit die strafgerig is Hy weggeneem; en onder sy tydgenote—wie het daaroor gedink dat Hy afgesny is uit die land van die lewendes? Ter wille van die oortreding van my volk was die plaag op Hom.*

Christelike godsdiens kom in kerkgeboue bymekaar waar mense dan kerk hou. Daar word dan meestal gepraat deur 'n prediker, gesing deur die lede, afkondigings gemaak en huis toe gegaan. Die nageslag van Jakob kom nie in kerke bymekaar nie, want hulle is nie 'n godsdiens nie, maar 'n geslag. Die volk met wie God 'n verbond het, **lewe hulle lewe elke dag in 'n verbondsverhouding met hulle Verbondsgod**, en het geen opdrag van Hom gekry om kerke te begin en godsdiens te bedryf nie.

Christelike godsdiens bely dat hulle Christene is en dit maak van hulle Christene. Enige mens moet net bely dat hy 'n Christen is, om 'n Christen te kan wees. Lede van die verbond egter, het dit deur afkoms omdat die verbond met 'n geslag gemaak is. God het sy verbond met Abraham, deur Isak en Jakob en Jakob se nageslag, in hulle geslagte ná hom gemaak, as 'n ewige verbond.

Christelike godsdiens lewe volgens sekere wette van die Bybel, maar daar is baie verskillende opvattinge van watter wette van toepassing is en watter nie. Meestal word aanvaar dat die tien gebooie onderhou moet word, maar sommige Christene gaan so ver na die wet-lose kant toe, dat hulle losbandig is en verklaar dat hulle onder God se genade is en daarom kan hulle sonde doen.

Volgens die Nuwe Verbond, met die geslag van Jakob, moet die lede van die verbond weer gebore word. Met wedergeboorte ontvang hulle dan die Gees van God wat in staat is om hulle harte te verander om te word soos sy hart. In plaas dat 'n verbondskind wette moet hou, verander die Gees sy wil om te word soos die wil van God en daarom kan die weergebore lid van die verbond dan net doen wat hy wil, want sy wil het verander na die wil van God.

Christelike godsdiens se visie is dan ook om nie-Christene te oortuig om Christene te word en by hulle betrokke kerk-organisasie aan te sluit, sodat hulle gered kan word. 'n Verbondskind se visie is om na die verlore lede van die verbond te gaan en hulle in te lig dat hulle lede van die verbond met God is en hulle hul tot Hom kan bekeer en daardeur gered word.

Die verbond is 'n verwarrende term vir Christelike godsdiens en word baie min bespreek omdat die Christelike geloof verklaar dat die Ou Verbond in die Bybel verby is en daar nou 'n Nuwe Verbond is wat niks met die Ou Verbond te doen het nie. Hulle glo dat die Ou Verbond wel met 'n uitverkore geslag was, maar nadat Jesus gekruisig is, het Hy toe lief geword vir alle mense op die aarde en nie net meer vir die uitverkore geslag nie, en daarom is die Nuwe Verbond nou met almal.

Die verbond wat God met Israel gemaak het, was omdat Hy hulle liefgehad het. Omdat Hy hulle liefgehad het, het Hy ook vir hulle sonde gesterf, sodat hulle nie hoef te sterf nie. Toe Hy gesterf het, het Hy nét gesterf vir hulle wie Hy lief gehad het en nie vir hulle vir wie Hy sogenaamd lief sou word nie. ***Deuteronómium** 10:14-15 Kyk, aan die HERE jou God behoort die hemel, ook die hoogste hemel, die aarde en alles wat daarin is. (15)*

*Maar net aan jou vaders het die HERE 'n welgevalle gehad om hulle lief te hê, en Hy het julle, hulle nageslag ná hulle, uit al die volke uitverkies, soos dit vandag is.*

Omdat die houers van die verbond mislei is, weet hulle nie van die verbond nie, maar hou hulle besig met godsdiens. Wanneer ons egter besef wat die verbond behels, sal dit ons hele verhouding teenoor God en met God verander.

**'n Verbond is 'n ooreenkoms waarop mens kan vertrou** vir wanneer jy dit nodig het. God maak 'n verbond met Abraham en sy nageslag met die doel om aan hom en sy nageslag goed te doen. God maak aan Abraham beloftes wat goed is vir hom, omdat God 'n goeie God is en goeie dinge oor hom en sy nageslag bedink. Ons is die letterlike nageslag van Abraham, Isak en Jakob en dit is die enigste vereiste om in die verbond met die Allerhoogste te wees.

**Die verbond wat Vader met ons maak, is ter wille van ons en is 'n goeie verbond**. Dit het vir ons geweldige groot voordele in, maar omdat ons nie weet van die verbond nie, is die verbond dan vir ons waardeloos. **Almal met wie God sy verbond gemaak het, het Hy geseën omdat Hy vir hulle lief is en omdat Hy 'n goeie God is, wil Hy hê dat dit met hulle goed moet gaan.**

God het met Abraham die verbond gemaak en Abraham geseën, sodat dit met hom goed moet gaan. So het Hy ook gedoen met Isak en Jakob en Jakob se kinders, tot by ons vandag, omdat Hy wil hê dat dit met ons moet goed gaan. God seën nie die godsdienstige Christen omdat hulle Hom aanbid nie en ook nie omdat hulle tiendes gee of vir Hom sing nie, maar slegs hulle met wie Hy 'n verbond het, en **OMDAT** Hy met hulle 'n verbond het. **Om met God 'n verhouding te hê,** moet dit binne verbond-verband wees en nie binne die godsdiens-verband nie.

God maak met Israel 'n verbond en red hulle uit Egipte, nie omdat hulle dit verdien het of omdat hulle Hom aangeroep het nie, maar omdat Hy 'n verbond met hulle het, en daarom kon hulle Hom ook aanroep, en omdat Hy hulle lief gehad het, het Hy met hulle 'n verbond gehad. Hy skenk hulle ook die land van die Kanaäniete, omdat Hy hulle lief het en omdat Hy aan hulle goed wil doen, omdat Hy 'n goeie God is en goeie dinge oor hulle bedink.

God se motief vir die verbond is sy liefde vir die uitverkore geslag, en omdat Hy geen liefde het vir al die ander geslagte nie, het Hy ook geen verbond met hulle nie, maar Hy gee hulle in die plek van die uitverkore geslag.

***Jesaja** 43:1-9  Maar nou, so sê die HERE, jou Skepper, o Jakob, en jou Formeerder, o Israel: Wees nie bevrees nie, want Ek het jou verlos; Ek het jou by jou naam geroep; jy is myne!  (2)  As jy deur die water gaan, is Ek by jou; en deur die riviere—hulle sal jou nie*

*oorstroom nie; as jy deur vuur gaan, sal jy jou nie skroei nie, en die vlam sal jou nie brand nie. (3) Want Ek is die HERE, jou God, die Heilige van Israel, jou Heiland;* ***Ek het Egipte gegee as losprys vir jou, Kus en Seba in jou plek****. (4) Omdat jy kostelik is in my oë, hooggeag is, en Ek jou liefhet, daarom gee Ek mense in jou plek en volke vir jou lewe. (5) Wees nie bevrees nie, want Ek is met jou; Ek sal jou geslag van die ooste af aanbring en jou versamel van die weste af. (6) Ek sal sê aan die noorde: Gee! en aan die suide: Hou nie terug nie! Bring my seuns van ver, en my dogters van die einde van die aarde af, (7) elkeen wat na my Naam genoem is en wat Ek geskape het tot my eer, wat Ek geformeer, wat Ek ook gemaak het. (8) Bring uit die volk wat blind is en tog oë het, en die dowes wat ore het. (9) Al die nasies het saam vergader, en die volke is versamel. Wie onder hulle kan sulke dinge verkondig? En laat hulle ons die vorige dinge bekend maak! Laat hulle hul getuies bring, dat hulle in die gelyk gestel kan word; en laat hulle hoor en sê: Dit is die waarheid!*

God seën die verbondsvolk in Kanaän en maak hulle voorspoedig in alles wat hulle doen, omdat dit sy hart teenoor sy verbondsvolk is en Hy wil hê dat dit met hulle goed moet gaan. Hy seën vir Dawid in sy koninkryk en gee hom die oorwinning in elke oorlog wat hy voer, want Hy het 'n verbond met Dawid omdat Hy lief is vir Dawid en wil hê dat dit met hom goed moet gaan. Vader is gelukkig as Dawid oor sy vyande triomfeer en sy kinders soos sipresse rondom sy tafel sit en sy volk hom eer en hy sy volk goed lei.

God seën Salomo en seën sy koninkryk met voorspoed omdat Hy met hom 'n verbond het wat in liefde gegrondves is. God gee om vir Salomo en vir Salomo se volk. Hy dra hulle belange op sy hart en wil vir hulle goed wees. Omdat Hy hulle oorvloedig wil seën, vra Hy vir Salomo wat hy wil hê. Nadat Salomo wysheid kies, gee God hom dit, plus rykdom en eer, net omdat Hy aan Salomo goed wil doen en omdat Hy 'n verbond met Salomo het en vir hom lief is en oorvloedige voorspoed vir hom begeer.

Omdat ons mislei is glo ons nou dat ons God moet behaag deur ons Godsdiens, sodat Hy ons kan seën. Leuenaars verkondig 'n evangelie aan die verbondsvolk om persoonlike voordeel uit hulle te trek, ten koste van die verbondsvolk, en ten koste van God se verhouding met sy verbondsvolk. Omdat ons nie weet van die verbond nie, kan ons nie staatmaak op die verbond nie en die satan steel nie net ons verhouding met ons God nie, maar ook ons seëninge deur die verbond.